## TER BEGELEIDING

Op 25 April 1958 is op inisiatief van prof. dr. S. P. Engelbrecht die *Kerkhistoriese Genootskap van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika* gestig. Hierdie *Genootskap* wat hom ten doel stel om die algemene belangstelling in en die bestudering van die geskiedenis van die Christelike Kerk in die algemeen en van ons Nederduitsch Hervormde Kerk in die besonder te stimuleer, het op 15 September 1958 sy eerste kongres in Pretoria gehou.

Die drie referate wat tydens hierdie kongres gelees is, word in hierdie besondere aflewering van die *Hervormde Teologiese Studies* gepubliseer. Die *Genootskap* wil graag hier sy waardering teenoor prof. dr. A. N. Pelzer van die Universiteit van Pretoria, wat as gasspreker by dié geleentheid opgetree het, uitspreek omdat hy sy referaat ook vir publikasie afgestaan het.

Tenslotte wil die *Kerkhistoriese Genootskap* graag sy dank teenoor die Redaksie van die *Studies* uitspreek vir die moontlikheid om die referate hier te publiseer. Omdat 'n eie publikasie van die Genootskap, wat in die vooruitsig gestel is, op hierdie stadium nog nie moontlik is nie, word dit des te meer waardeer dat die Redaksie van die *Studies* so vriendelik op ons versoek gereageer het.

Die *Genootskap*, wat hier 'n proewe van sy werkverrigting aanbied, vertrou dat die lees van hierdie referate die belangstelling by die breëre leserskring van die *Studies* vir die geskiedenis van die Christendom sal wek.

A. D. PONT,
*Sekr. Kerkhistoriese Genootskap.*

Universiteit van Pretoria,
Pretoria.
5 Maart, 1958.